In dankbare herinnering ...

Prof. Bouke Spoelstra

2 Januarie 1927- 26 Julie 2023

*Die alleenpad om te bly wat jy geword het ...*

**In die ysters gekom**

Om ’n ent van my lewenspad saam met prof. Bouke Spoelstra te kon loop, is in talle opsigte ’n unieke pad. Wat maak dat ons die afgestorwe dienaar van die Here uniek mag noem, soos ons weet elke kind van die Here vóór Hom uniek is?

Bouke Spoelstra dra in sy lewensloop sulke duidelike unieke eienskappe wat hom nie net uniek maak nie, maar was hy ’n mens ystersterk in sy oortuigings en hoe hy so hard soos yster dikwels sy opvattinge kon oordra en laat vorm aanneem het, soos wanneer ’n hamer en aambeeld mekaar moet ontmoet. Daar val harde houe as die hamer en aambeeld mekaar tref. Dikwels is die vorming van ons as mense, dié mens wat tussen hamer en aambeeld die houe moet kan vat.

In Psalm 105 vers 19 word van Josef geskrywe dat hy het in die ysters gekom. Letterlik Josef se siel het in die ysters gekom. In Josef se geval kan ons die ysters van twee kante sien. God het Josef in die ysters laat kom dat daar ook yster in Josef se siel kon kom. Dit wat ons oor die lewe van Josef mag opval is vir my besonders dat Bouke Spoelstra het ook iets van hierdie ysters gedra. Hyself was nie bang om self, en ook andere naby aan hom, in die ysters te laat kom sodat daar ook yster in hulle kan kom.

**Lewensloop**

Oor Bouke Spoelstra se lewe kan u op heelwat ander plekke nalees. Mooi word dit saamgevat in *My Dopperdagboek*, so deurgegee op die dag van sy heengaan hier op aarde. ’n Artikel wat teruggryp na wat in Oktober 2004 oor hom in *Die Kerkblad* geskrywe was. Vir sy lewensloop kan u gaan na https://bit.ly/3QufpJQ.

In sy meer as 96 jaar wat hy op aarde gelewe het (2 Jan 1927 – 26 Julie 2023), as babatjie in Johannesburg (1927), toe Vrystaat toe (Petrusburg 1927-1941), daarna as Hoërskool-seun na die ou Wes-Transvaal- Potchefstroom (1941 – 1943) kan ons sy jongmens-spore vind. In 1943 het hy aan die Hoërskool Gimnasium in Potchefstroom gematrikuleer.

**Oupa Bauke, pa Tjibbe, seun Bouke**

’n Ware dienskneg-gestalte lê in die Spoelstra geslagte waar die oupa, die pa en prof. Bouke kerk en samelewing gedien het

Die grootvader van prof. Bouke Spoelstra was ’n onderwysman, Bauke Tjibbes Spoelstra wat as Hollandse onderwyser in 1899 na Suid-Afrika gekom het. Die gesin was midde-in die omstandighede van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) vasgevang. Hulle het skaars in die ou Transvaal gekom of die werklikhede van hierdie grusame oorlog het in hulle lewens ook sy tol geëis. As onderwyser, dikwels

in die Ou-Wes Transvaalse vlaktes, o.a. by Biesiesvlei en Uitschot het hulle midde die vreemde en onmiddellike oorlog-omstandighede het Bauke Spoelstra nie net in sy werk as onderwyser nie, maar as dienaar van die Here bedieningswerk gedoen. Oral as onderwyser was hy eintlik ook kerkman. Hy moes in eredienste waar predikante baie skaars was dikwels met leespreke en as voorganger in gemeentes die Woord bedien.

Bouke Spoelstra se vader, Tjibbe Thomas Spoelstra (1900 – 1987), was ook predikant wat op talle gebiede in die kerklike, sosiale en burgerlike lewe sy plek vol gestaan het. In die herfs van 1900 op die dag van Tjibbe se geboorte, die eerste van die Spoelstra kinders in Suid- Afrika gebore, was die woorde van die vroedvrou, Maria dat hy is 'n sterk seun, hy sal eendag 'n groot leier kan wees.  Woorde wat die moeder, Jet (geb. Lub), soos 'n Maria van ouds ook in haar hart sou bewaar.

In die geboortejaar van wyle prof. Bouke Spoelstra (1927)was Tjibbe predikant in Johannesburg, spesifiek Johannesburg-Oos gemeente waar hy tegelyk  Bethal in kombinasie met Johannesburg bedien het.  In dieselfde tyd was hy ook predikant van Swaziland!    Tjibbe was 'n deel van sy lewe in Potchefstroom (1941-1949, selfs ook burgemeester in Potchefstroom, maar het as deputaat, ook as kurator (35 jaar lank!), latere registrateur en penningmeester van die Hammanskraalse  Teologiese Skool die Here se kerk gedien. In sy Potchefstroom jare was hy ook sekretaris-penningmeester van die Administratiewe Buro.

**Seun wat die pa se horisonne kon verbreed**

Die geskiedenis van prof. Bouke se pa en oupa is merkwaardig in hoe Bauke (sr.) en dan ds. Tjibbe in baie opsigte mekaar moes aflos in die mens wat kan klaarmaak maar die roeping raak nie klaar nie.  Prof. Bouke het eenvoudig nie net in sy persoon en roeping horisonne kon verbreed nie, maar in sy denke het hy altyd die horisonne van hy en sy pa se werklike belangstelling verdiep en verbreed. Pa Tjibbe en prof. Bouke, was mense van die reg, spesifiek kerkreg en kerkregering.

Tjibbe was 'n medewerker van die eerste behoorlike verklarings van die Gereformeerde Kerkorde.  Prof. Bouke het in 1989 hierdie taak tot net nog hoër hoogtes gevoer met sy baie uitgebreide handboek by die Kerkorde getiteld Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering.  'n Meer uitgebreide verklaring en historiese verantwoording van die Dordtse  Kerkorde in Afrikaans, soos deur die GKSA gebruik, was daar nie voor hom nie en kan ons selfs aanvaar 'n soortgelyke werk sal moeilik inslag kan vind sonder om nie grotendeels te herhaal wat reeds in hierdie handboek opgediep is nie.

**Doppers in Suid-Afrika**

As teoloog trap prof. Bouke Spoelstra baie vroeg diep spore.  Hy behaal ses grade waar sy bekendste werk sekerlik handel oor sy deeglike navorsing uitgegee met die titel Die <Doppers> in Suid-Afrika 1760-1899.  Aangrypend hoe hy in 1963 histories kon aandui dat die benaming "Dopper" al in gebruik was, lank vóór 1859 toe daar vir die eerste keer van 'n "Dopperkerk" sprake kon wees.

Soos sy gedeë navorsing oor die Doppers kon getuig so was ook sy vroeëre werke. Diep in ’n historiese bewussyn vasgelê het hy altyd daarbý gehou dat om “kerkgeskiedenis” te verstaan moet jy eers by die “algemene geskiedenis” jou ingrawe. Die kerk se geskiedenis kan nooit losgemaak word van mense se geskiedenis nie. Die pad wat God met sy mense loop is ’n geskiedenis-pad maar tegelyk ook ’n “kerkpad”.

Daarbý moet die kerk hou en mag nie gestol raak in strukture en verstrengel raak deur allerhande mensgemaakte voorskrifte en reëls wat kerklik reg mag lyk maar eintlik ’n struikelblok vir God se koninkryk kan word nie. Bouke Spoelstra het nie toegelaat dat hyself in enige strukturele denke verstrengel raak nie. Om andere se gewetens deur allerlei strukturele voorskrifte te probeer bind het hy ’n kleintjie dood aan gehad. Hy was opreg kwaad as mense die vrye kerk (plaaslike gemeente) voorskriftelik in ’n blik wil druk en dinge van die vrye kerk dink wat eintlik die kerk onnodig bind en strukture daar skep wat dit laat lyk of die kerk maar net nog ’n organisasie van mense is.

**Sy sin vir onafhanklikheid en vryheid**

Hy bewys sy diepliggende historiese aanvoeling as hy in 1950 sy MA-verhandeling voltooi met die titel “Die bewindsaanvaarding van die Botha-regering oor Transvaal as Selfregerende Britse Kolonie in 1907”. Hy beweeg elke keer doelbewus weg van die skrywe van gewoon “kerkgeskiedenis”. Sy studieleiers sou nooit leraars wees wat kerkgeskiedenis doseer nie, maar was hy o.a. deur dr. DW Krüger (Daantjie Donder) begelei in studies wat op die oog af lyk niks met die kerk te make het nie en op die einde tog alles met God se kerk hier op aarde te make sou hê.

In hierdie studie is vervat ’n briefie van genl. Jan Smuts op 23 Okt. 1948 aan Spoelstra geskryf wat Smuts homself oor sy verhouding met genl. Louis Botha soos volg uitlaat – “... nee Generaal Botha was steeds die eintlike leier, maar hy was altyd in volle raadpleging met my en daar was altyd hartelike samewerking”. Smuts het vanaf sy stukkie grond in Doornkloof Irene aan Spoelstra geskryf dat hy hom alle sukses toewens ook met sy toekoms.

Al word Smuts as die groot intellektuele beskou het prof. Bouke se seun Tjibbe (ons gesprek was op 22 Julie 2023) oor sy pa aangetoon, dat sy pa beslis nie die voorliefde wat Smuts vir die Engelse ontwikkel het, sou deel nie. Die laaste dae van oom Bouke, toe die Alzheimer al ver gevorderd was, was dit opmerklik hoe prof. Bouke die dinge lank terug, die trauma van die oorlog (sekerlik deur oupa en pa aan hom oorvertel), as ’n onmiddellike krisis en nood beleef het.

**Sending vir kerk of koninkryk**

Dit wat prof. Bouke wel altyd sou wou deel is die besondere liefde vir Christus, sy Woord en die vrye gang wat die Evangelie in hierdie wêreld moet kan neem. Sy pa se betrokkenheid in Swaziland en die latere baanbrekerswerk wat pa en seun by die Hammanskraalse Teologiese Skool sou doen, kan nie genoeg beklemtoon word nie. Prof. Bouke was vanaf 1970 tot in 1988 voltyds by die teologiese opleiding van swart predikante in Hammanskraal toegewy.

Hierby het prof. Bouke in 1999 saam met ds. HA Louw ’n unieke werk laat verskyn, getiteld “Sending vir kerk of koninkryk. Die publikasie is opgedra aan Chris van Wyk (eggenote van prof. Bouke) wat die sendinggeskiedenis van die GKSA beskryf, vanaf 1869, tot aan die vooraand van ’n totaal nuwe bedeling wat in 1994 in Suid-Afrika aangebreek het. In hierdie sendinggeskiedenis is dit opmerklike dat die antitetiese denker, wat prof. Bouke altyd was, min ruimte kon laat vir denke wat die tetiese tot ’n sintese wou laat versmelt. Soos sy sendingdenke, soos sy kerklike denke, moes alles aan God se koninkryk diensbaar wees en juis nie andersom nie.

**Calvyn is in sy bloed**

Die intensiewe belangstelling en waardering wat prof. Bouke Spoelstra sy lewe lank vir Calvyn sou koester, loop soos ’n goue draad deur sy lewe. Die tydskrif “In die Skriflig”) wat aanvanklik deur prof. CJH de Wet geïnisieer was, het prof. Bouke vir 16 jaar (1970-1986) hierdie “calvinistiese” tydskrif as hoofredakteur uitgebou.

Tydskrifartikels (te veel om op te noem!), bydraes tot werke van medestanders getuig deurgaans van ’n diepe liefde en waardering vir wat Calvyn gereformeerd gemaak het. So het hy in ’n bundel opgedra aan sy kollega prof. GPL van der Linde die moeilike saak in die opstelbundel aangepak nl. “Die kerklike appèl”. Weereens getuig dit van sy voorliefde dat daar in alles reg moet geskied. In so baie dinge sal ons Here se eerste preek wat dit vanaf die berg laat hoor het “Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word” (Matt. 5:6) soos ’n spieël in die lewe van Bouke Spoelstra bly weerkaats.

Selfs op politieke terrein het prof. Bouke Spoelstra profeties aan die woord gekom. Een so ’n voorbeeld is sy besondere werk wat hy in 1977 al by ’n ACB-kongres kon aanbied, met die titel “Die Calvinis se antwoord op meerderheidsregering in Suid-Afrika”. In persoonlike gesprekke was dit dikwels opvallend hoe Spoelstra in baie opsigte sy tyd vooruit was. Op kritieke tye het hy krities teenoor politici soos o.a. dr. HF Verwoerd gestaan, toe Spoelstra eintlik maar ’n eensame stem in die Suid-Afrika van ouds was.

**Die alleenpad om te bly wat jy geword het**

Prof. Bouke Spoelstra, getrou aan sy Friese herkoms was nooit deur stryd afgeskrik nie. Dit het hom sekerlik by die uitgangspunt gebring wat so sy lewe sou kenmerk wat hy op 22 November 1993 tydens ’n promosieplegtigheid ’n rede kon aanbied met die titel “Die alleenpad om te bly wat jy geword het”. Die woorde wat ’n bejaarde Paulus aan ’n jong bedienaar, Timotheus, kon bevestig (2 Tim 3:13-14), was in baie opsigte ook Bouke Spoelstra se “alleenpad”. Van jongs af was hy bereid die alleenpad te loop en soos die jare aangestap het, het hy sekerlik die alleenheid in baie opsigte ervaar en deurleef.

Dr. PJ Venter (Petrus) Gereformeerde Kerk Postmasburg

